

Die belangrikheid van koinonia

DIRKIE VAN DER SPUY

Dit was ongeveer 1988 dat *Moreletapark NG Kerk* besef het dat een van die belangrikste sleutels vir geestelike groei ontbreek. As 'n mens die Nuwe Testament lees, kom 'n mens agter hoe belangrik die gemeenskap van die gelowiges is. Die eerste Christelike kerk het gereeld in huise bymekaar gekom en mekaar bygestaan en versorg. Hulle was selfs bereid om eiendom te verkoop om vir mekaar finansiëel te kan instaan.

Die eerste Christene het *koinonia* geken en naby mekaar gelewe. Hulle het vir mekaar gebid, vir mekaar geleer uit die Skrifte en saam die Here geloof en geprys en Nagmaal gevier saam met die Agape feeste.

Die karakter van die Nuwe Testamentiese kerk kom duidelik na vore as 'n mens sien hoedat hulle mekaar liefgehad het, mekaar op die hande gedra het en mekaar se laste gedra het. Hulle het mekaar gedien in liefde, mekaar geleer en onderrig, mekaar tereggewys en toesig gehou oor mekaar. Hulle het mekaar vergewe en mekaar geestelik opgebou.

Toe ons aanvanklik begin praat het oor die behoefte aan *koinonia* in die gemeente het ons onself aanvanklik tevrede gestel met die wyksbyeenkomste wat kwartaalliks plaasgevind het. Elke ouderling is verplig om sy wyk bymekaar te kry en dan 'n boodskap aan hulle gesamentlik te bring. Hierdie was egter nie *koinonia* byeenkomste nie. Die ouderlinge was byvoorbeeld nooit toegerus en opgelei om as groep fasiliteerders op te tree nie. Hulle het bloot die voorbeeld van die leraar gemodelleer en by hierdie wyksbyeenkomste preke gelewer. Mense is ook in wyke saamgegroepeer en daar was nie ruimte vir vrye assosiasie nie. Dikwels was daar iemand met 'n negatiewe gesindheid wat ook 'n verkeerde invloed gehad het en meegewerk het tot die verbrekking van die wyksbyeenkoms. Die belangrikste rede waarom hierdie wyksbyeenkomste nie gewerk het nie, was egter gewees dat die

frekwensie van samekoms so ongereeld was. *Koinonia* kan nie net met drie of vier geleenthede per jaar tot sy reg kom nie. Mense moet tyd spandeer om in verhoudinge in te bou en mekaar te leer vertrou. In die mate wat liefdesverhoudinge groei, het daar groter openheid en spontaneïteit gekom. Eers dan het hulle mekaar vertrou en hulle diepste bekommernisse en behoeftes met mekaar gedeel. Dan kon *koinonia* waarlik tot sy reg kom waar gelowiges mekaar geestelik begin ondersteun het.

Sedert daardie tyd het die Kerkraad besef dat die lidmate wat in kleingroepe is almal getuig van geestelike groei en vooruitgang. Dit het duidelik geword dat dit die ideaal is vir die geestelike versorging en bediening van lidmate. Elke lidmaat is weekliks in 'n omgegroepeerd versorg, met Bybelstudie toegerus, geleer om te bid en deur onderlinge bediening versterk.

Die seën wat uit kleingroepe gevloei het, het bewys dat *koinonia* op God se hart is en deel moet wees van elke gemeente. Die volgende seëninge het ontwikkel sedert kleingroepe begin funksioneer het:

- **Lidmate groei tot volwassenheid.** Vir 'n lang tyd is daar gereken dat om lidmate te laat groei, moet hulle net meer en meer van die melk van die Woord inkry. As 'n lidmaat nie geestelik begin oefen en prakties 'n dader begin word van die Woord nie, sal hy steeds geestelik onvolwasse bly. Juis wanneer iemand begin uitreik na ander groei daardie persoon geestelik.
- **Nuwe Christen vriendskappe word gesmee.** Die gevaar van die moderne samelewing is individualisme. Mense trek hulle al meer terug agter hoë mure en privaat wonings. Die kleingroep bring egter weer 'n liefdevolle en huislike atmosfeer waar mense begin om mekaar in liefde te versorg. Geestelike vriendskappe word gesmee en mense beleef iets

van die hartlike familie wees in Christus.

- **Omgee vind plaas in die praktyk.** Mense leer om prakties bymekaar betrokke te raak en om te gee vir mekaar. Daar is wonderlike getuienisse van hoe mense by die dood van 'n geliefde bygestaan is, en dan die Here loof vir die liefde van God wat hulle in daardie tyd ervaar het. Waar moeilike besluite geneem moet word, is daar die inspraak van medegelowiges. Waar iemand sy werk verloor, bid hulle vir mekaar en help hulle mekaar werk soek en ondersteun hulle mekaar selfs finansieel. Waar daar krisisse is, ry hulle mekaar se kinders aan skool toe, versorg hulle mekaar se tuine en huisdiere en sal hulle selfs mense se wasgoed doen en vir hulle gaan help met die goed wat breek by die huis.
- **Die kleingroep bied 'n oefenruimte vir geestelike groei.** Ons moedig lidmate aan om te getuig, maar bied gewoonlik nie vir hulle 'n veilige ruimte waar hulle in die geloof kan waag om te begin getuig nie. Waar die hartlike liefde van medegelowiges ervaar word, begin lidmate spontaan praat oor wat Christus vir hulle doen en beteken. Juis in hierdie kring leer hulle om hardop voor ander mense te bid, en leer hulle om oor die Bybel te praat en dit beter te verstaan.
- **Die kleingroepe bied 'n basis vir intersessie.** Juis in hierdie intieme groep van gelowiges word daar ernstig gebid vir mekaar en ook intersessie gedoen vir die Koninkryk van God. Elke groep teken hulle gebede in 'n gebedeboek aan en sien hoedat God hulle gebede telkens verhoor.
- **Lidmate word in die praktyk daders van die Woord.** Elke Bybelstudie les word afgesluit met 'n bepaalde opdrag wat 'n toepassing is van die Skrifgedeeltes. Die volgende les begin dan weer met 'n terug rapport geleentheid waar gekontroleer word of die vorige opdragte uitgevoer is. Op hierdie wyse word lidmate gedissiplineer om nie net die Woord te leer ken nie, maar om dit te doen.
- **Die kleingroepe bied geleentheid vir projekte.** Juis waar gelowiges saam werk, vind wonderlike ondersteuning en hulp vir minder bevoorregte kinders en mense plaas. Geestelike literatuur word versprei. Voedsel en klere word aan behoeftiges uitgedeel en sendingwerk word in die praktyk gedoen. Op hierdie

wyse kom informele projekte tot sy reg en werk gelowiges saam om die Koninkryk van God uit te brei.

- **Lidmate se gawes word ontvries.** Juis hier waar gelowiges mekaar wil help en ondersteun, is hulle afhanklik van die Heilige Gees. Dis juis in sulke situasies waar die Gees van God getrou is om 'n woord van wysheid of kennis of 'n woord wat geestelik opbou te gee. Hier is geleentheid vir gebed en vind wonderwerke plaas en word mense gesond. Lidmate ontwikkel ook nou hulle leierskap gawes en word leiers van 'n volgende groep met die verdeling na uitbreiding.
- **Huweliksverryking vind plaas.** Dikwels het die kerk meegewerk daaraan dat man en vrou in aparte geestelike wêreld ontwikkel. Die kleingroep bied weer die geleentheid dat man en vrou saam moet voorberei, moet praat en dink oor die Woord van God. Saam hou hulle Bybelstudie en ontwikkel daar 'n geestelike basis tussen hulle.
- **'n Nuwe erediens atmosfeer ontwikkel.** 'n Mens kan jou indink dat waar hierdie groepe in liefde saam gekom het deur die week en hulle dan op 'n Sondag in die groot byeenkoms bymekaar is, dra hulle 'n vriendelike en 'n hartlike atmosfeer in die kerk in. Hulle wil graag saam kuier en tee drink na die tyd en kan nie genoeg kuier bymekaar nie.
- **Die leraars funksie begin verskuif.** In die herder-kudde model moet die leraar alles doen. In hierdie liggaamsmodel waar selle en kleingroepe funksioneer, rus die leraar die leiers toe vir hulle belangrike dienswerk (Ef 4:11-13, 2 Tim 2:2). Op hierdie wyse word die toespitsing op die leiers 'n leraar se primêre funksie. Hierdie leiers doen dan die bediening en rus weer nuwe leiers toe wat die bediening al verder laat uitkring. Op hierdie wyse word dit vir die leraar al meer belangrik om sy leiers op te bou, te bemoedig en geestelik te ondersteun.
- **Die onderlinge toesig en tug kom weer tot sy reg.** Vermaning en aansporing vind op sy beste plaas in verhoudinge en in 'n atmosfeer van liefde. Juis hier in die kleingroep ken hulle mekaar regtig en kan hulle nie 'n front voorhou nie. Daar is opregte belangstelling en uitreik na iemand wat begin afkoel en nie meer getrou bywoon nie. Selfs waar daar hu-

weliksprobleme is, vind daar ernstige gebed en opregte ondersteuning plaas.

- **Nuwe bekeerlinge het 'n wonderlike nasorg program.** Waar mense opnuut 'n keuse maak vir Christus is hier nou nuwe vriende wat hulle gaan ondersteun. 'n Sorgsame familie gaan hulle help om nie weer geestelik terug te sak nie en hulle begelei en ondersteun om geestelik te groei en vrug te dra.
- **Die dankoffer bydrae styg.** Juis in die kleingroep vind meer openlike en direkte gesprekke plaas oor die gee van dankoffers. Mense kritiseer dikwels prediking oor geldsake, maar in die kleingroep word daar baie reguit en eerlik hieroor gepraat. Toe ons gemeente ongeveer 30 % in omgegroepe was het hulle meer as 70 % van die hele gemeente se inkomste gegee.

Dit is duidelik dat daar 'n nuwe manier van kerk wees ontwikkel die oomblik wanneer *koinonia* weer tot sy reg kom. Mag die Here ons genade gee en ook vir ons die moed en durf gee om strukture aan te pas om ruimte te maak vir meer *koinonia*. *Koinonia* is God se Wil en daarom sal God se seën daarmee saam in 'n gemeente kom.